e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

1 September 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 29

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Wat het ons met ons markaandeel gemaak?

JE White skryf in sy boek *Rethinking the Church* soos volg: *If people would have been asked in 1968 which nation would dominate the world in watch making during the 1990s and into the twenty-first century, the answer would have been uniform: Switzerland. Why? Because Switzerland had dominated the world of watch making for the previous sixty years*.

In 1968 het hulle 68% van alle horlosies in die wêreld gemaak en 90% van die horlosie-winsmark beheer. In 1980, 12 jaar later, is duisende horlosiemakers afgedank en het hulle minder as 10% van die wêreldmark beheer. Hoekom? Hulle het geweier om oor te slaan na die nuwe ontwikkeling, naamlik Quartz-horlosies wat, ironies genoeg, 'n Switserse uitvinding was. Hulle het gedink elke horlosie moet 'n veer en 'n knop hê waarmee dit opgewen kan word. Seiko en 'n paar ander maatskappye het hierdie verandering aangegryp en later leiers in die horlosie-industrie geword (JE White, 1998:20).

Wat het dit met ons Kerk te make? Ek dink die parallelle is ongelooflik. Ons sit met lidmate en gemeentes wat jare gelede besluit het só lyk die Hervormde Kerk en só sal ons bly vir tyd en ewigheid. Enige verandering of voorstel tot verandering word met weersin begroet. Wanneer ons praat oor die daling in lidmaattalle, soek ons die oorsake op plekke soos emigrasie of die daling in geboortes. Ons vergeet gerieflikheidshalwe dat vandag se mense en veral jongmense nie omgee of 'n horlosie 'n veer en 'n knop het nie. Hulle wil 'n horlosie hê wat vir hulle mooi is en wat werk. Net so gee hulle nie om of 'n kerk se naam Hervormd, NG, Gereformeerd, AGS of PPK is nie. Dit maak nie vir hulle saak of daar 'n orrel of 'n orkes is nie, of daar mense is wat hul hande opsteek en/of hande klap nie...

Hulle wil 'n kerk hê waar dit vir hulle lekker is en waar hulle die Here kan dien… Hulle wil nie in 'n kerk instap en hoor van doleer en van apartheid en van beswaardes nie. **Hulle wil die Here dien**. Hulle wil 'n verhouding met die Here hê en wil deur die kerk gestimuleer word om te groei in hul verhouding met die Here. As dit nie gebeur nie, stap hulle oor die pad.

Ek en my gesin het die voorreg gehad om 'n paar Sondae gelede 'n erediens in die Gereformeerde Kerk Wapadrand by te woon... Praat van 'n gemeente wat aangepas het. Ons het spesifiek die jeugdiens bygewoon waar daar onder andere 'n orkes was. Vroeër die oggend was daar 'n *tradisionele* erediens vir die mense wat dit verkies. Wat interessant was, is dat die jeugdiens deur meer oumense as jongmense bygewoon is. Dis 'n gemeente, as ek dit reg het, wat vyf eredienste op 'n Sondag hou, 2 500 lidmate het – baie ou Hervormers…

Wat het ons Kerk met ons markaandeel gemaak? Ek sê nie elke gemeente moet 'n orkes kry nie. Allermins. Maar ek sê dat gemeentes waar kerkrade steeds strikdasse dra of die ou Psalm- en Gesangboek gebruik en nog geen verandering aan die liturgie aangebring het die afgelope 20 of 30 jaar nie, of waar politiek en ander sake groter gewig dra as mense se verhoudings met die Here, nie op die volgende AKV moet vra hoekom verminder ons lidmate en verhoog ons sinodale offergawes dienooreenkomstig nie.

Maak voorsiening vir die mense wat hou van 'n horlosie met 'n veer en 'n knop, maar ek smeek julle, maak ter wille van ons Kerk en die Heer van ons Kerk ook voorsiening vir die mense wat baie lief is vir die Hervormde Kerk maar meer hou van Quartz. Anders gaan hulle nie 'n ander keuse hê as om elders na 'n Quartz te gaan soek nie.

Dr Piet van Zyl, Ermelo

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Dr Piet van Staden

Ds Johann Mouton

Ds Leslie Kern

Beroep ontvang

- **Dr Piet van Staden** van Stellenbosch/Worcester na Harrismith (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds Johann Mouton** van Ventersdorp na Koster
- **Ds Leslie Kern** van die Kuruman-kombinasie na Ebenhaézer (Ellisras)

Beroep bedank

- **Ds Johann Mouton** van Ventersdorp na Standerton

Predikant met besondere opdrag deur die Kerkraadsvergadering

(Ordinansie 2.1.16)

- **Gemeente Middelburg** benodig die dienste van 'n predikant of proponent **vir 'n periode van 11 maande**. Ds Nicolaas Steenekamp is bevoorreg om saam met sy vrou, Sanet, vir 'n jaar in Denemarke te gaan werk en studeer.

  Die verlangde dienstydperk vir die suksesvolle kandidaat sal wees van 1 November 2011 tot 30 September 2012.

  Gemeente Middelburg is 'n plattelandse gemeente met ongeveer 1 589 siele waarvan die ouderdomsverspreiding soos volg is :

1-25 jaar	26-35 jaar	36-45 jaar	46-55 jaar	56-65 jaar	66-75 jaar	76-85 jaar	Ouer 85
529	178	202	213	207	143	84	33

  Die geskikte kandidaat sal al die pligte van 'n voltydse predikant moet nakom, soos deur die kerkraad vereis.

  Die kerkraad beskou die jeug as 'n baie belangrike komponent van sy verantwoordelikheid. Gevolglik sal die geskikte kandidaat ook daaraan heelwat aandag moet skenk.

  Die kandidaat moet 'n entoesiastiese persoon wees wat ook verpligtinge in ringsverband moet nakom. Die gemeente bied al die basiese voordele van 'n voltydse standplaas, en sal die verhuisingskoste dra soos van toepassing.

  Die kerkraad behou die reg voor om kandidate wat nie 'n CV ingedien het nie, ook te oorweeg. CV's moet die gemeentelike kerkkantoor bereik **voor of op 10 September 2011**. Alle CV's moet gerig word aan **nhkmid@gmail.com**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Etienne Fourie** van Gemeente Kempten se vrou, **Hanlie**, is ernstig siek. Sy is gediagnoseer met graad 4 metastatiese melanome, 'n baie aggressiewe kanker.

Die melanome het reeds na haar longe en ander plekke versprei. Voorbidding word vir die hele gesin gevra in hierdie baie moeilike tyd.

- Lidmate wat in die omgewing van **Groot Marico** boer, het enorme skade gely toe groot dele van hul **plase afgebrand** het. Ons doen steeds 'n beroep op ons lesers om dié mense te help met **voerskenkings of selfs geldelike bydraes**. Kontak ds Willem Sauer by 014 503 0023, 079 699 1237 of **elwillsauer@gmail.com**.

Prof Lourens Steenkamp

- **Prof Lourens Steenkamp** se **emeritaatsfunksie** vind plaas op Sondag 11 September vanaf 11:00 by Gemeente Makarios, hv Lepelaar- en Nagtegalstraat, Birch Acres, Kempton Park. Alle belanghebbendes word hartlik uitgenooi om die funksie by te woon. Na afloop van die verrigtinge sal 'n ligte ete bedien word. Laat weet Martie Pieterse by 074 699 2089 of Beryl de Coning by 083 354 1404 asseblief voor 2 September indien u die geleentheid wil bywoon.

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 September**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 1 September: Ds Tertius Hindley (Randfontein Midpark)
  - Saterdag 3 September: Ds Marthinus van Staden (Gaborone)
  - Sondag 4 September: Ds Giel Malan (Newlands)
  - Maandag 5 September: Ds Deirdre van der Merwe-Botha (Krugersdorp-Wes)
  - Dinsdag 6 September: Ds Paul Buitendag (Volksrust)
  - Woensdag 7 September: Ds Kobus Müller (emeritus)
  - Donderdag 8 September: Ds Manda le Roux (Rietspruit)
  - Vrydag 9 September: Ds Louis Venter (Rustenburg-Tuine)

- Alle matrieks word hartlik uitgenooi na **Gemeente Philadelphia** se **Matriek-wydingsdiens** op **Sondag 25 September om 19:00** in die kerkgebou by Lunnonstraat 127, Hillcrest, Pretoria. Enige navrae kan gerig word aan Esmé Bolton by 012 362 7237.

- **Gemeente Carolina** vier gedurende November hul **75-jarige bestaan**. 'n **Feesblad** word saamgestel vir publikasie vroeg in 2012. Oudlidmate en ander betrokkenes met foto's en staaltjies oor die gemeente se wedervaringe die afgelope 75 jaar kan die gemeente se voormalige predikant, ds Hennie Louw, **voor einde September** by 084 508 7849 kontak. E-pos- en ander besonderhede sal dan aan u voorsien word.



- **46ste Nasionale NHSV Kongres 6 tot 8 Oktober 2011.** Afgevaardigdes na die Nasionale NHSV Kongres word daarop gewys dat Kongresagendas reeds gepos is. Navrae kan aan die NHSV kantoor by 012 325 0117 gerig word. Die volgende beskrywingspunte is die eerste 3 van die 10 beskrywingspunte wat bespreek gaan word tydens die Kongres.

  - BESKRYWINGSPUNT 1 – NHSV KONSTITUSIE: Die Konstitusie word tydens die Kongres hersien en verskeie wysigings gaan voorgelê word.
  - BESKRYWINGSPUNT 2 – GESONDE GESINNE: Gesinsverhoudinge en gesinsdeelname aan die kerklike lewe gaan bespreek word.
  - BESKRYWINGSPUNT 3 – UITBREIDING VAN DIE BEURS- EN LENINGFONDS: Die Hoofbestuur wil meer van die Hervormde studente wat jaarliks by die NHSV aansoek doen vir beurse en lenings, akkommodeer. 'n Groter fondsbasis is dus nodig ter aanvulling van die Beurs- en Leningfonds.

- **Landwye Bybelvasvra.** 9-11 September kamp by Kwaggasrus naby Beestekraal. Koste vir hele kamp R160 en vir dagbesoekers (slegs Vasvra op Saterdagoggend) R50 per persoon. **Volledige betaling voor of op 2 September** aan: Raad van Finansies; ABSA; rekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; verwysing

16RVGS. Bewys van betaling MOET gestuur word aan: Sarie Roux, faks 086 633 2913, e-pos **kassier@nhk.co.za**. Volledige inligting by **www.konteks.co.za** → inligting en skakels → *Konteks* Bybelvasvra.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Konsentreer op jou beroep.
Ons sal sorg vir jou finansiële beplanning.

As ’n gegradueerde beroepsmens in eie diens of in diens van iemand anders, het jy baie spesifieke finansiële behoeftes. **Die Cobalt Oplossings vir Professionele Persone** is ’n omvattende reeks oplossings op sake- en persoonlike vlak.

Met oplossings soos ’n **Siektevoordeel** en **Inkomstebeskermer** kan jy jou inkomste beveilig selfs wanneer ernstige siekte en ongeskiktheid dit vir jou onmoontlik maak om jou professionele pligte te verrig.

Alex Heyns
Finansiële Beplanner
044 873 3009 • 083 628 4043
alex.heyns@4sure.co.za

Sanlam CI0131CS0465BPA

GELISENSIEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIËLE DIENSTE

Sanlam

- ’n Ruim **enkelwoonstel** is onmiddellik beskikbaar binne stapafstand van die Universiteit van Pretoria. Die woonstel is geleë op die kerkterrein van **Gemeente Philadelphia** en word verhuur teen R3 500 per maand (water en ligte ingesluit). Daar is veilige parkering vir ’n motor. Skakel Esmé Bolton by die gemeentelike kerkkantoor (012 362 7237) of dr Sanrie de Beer (083 226 1866) vir meer inligting.

- **WOONSTELLE BY UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**
  Twee woonstelle te koop
  Stapafstand van die Universiteit van Pretoria, kerke en winkelsentrums
  Ten volle toegerus met yskas, wasmasjien, stoof, mikrogolfoond, ens
  Eie parkeerplek agter sekuriteitsheining met 24-uur-sekuriteit
  Skakel Johan de Beer by 082 923 0877

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **blyplek in Eloffsdal**, Pretoria: Huis Eloff (alle ouderdomme). Ruim nuut uitgeverfde kamers met gesamentlike badkamer in gang teen R1 500 per maand vir enkeling. Ingesluit: water en ligte, parkering, gesamentlike kombuis. Naby Mayville Mall en Eugene Marais-hospitaal. Kontak Johan Erickson (jr) by 082 212 2137.

- **LYTTELTON: SELFHELPWOONSTELLE TE HUUR**
  (Soos met verblyf in ’n gastehuis)
  Privaat
  Ruim 2-slaapkamer en 1-slaapkamer
  In veilige omheinde gebied in rustige woonbuurt
  1,8 km vanaf Unitashospitaal
  Sentraal geleë ten opsigte van Centurion-inkopiesentrum en Gautreinstasie
  Nutswinkels en restaurante baie naby
  Volledig toegerus met huishoudelike benodigdhede en omvattende DStv
  Skakel 082 451 9915 of 084 584 3445

Toere

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte en feeste

- **Vrydag 9 September: Gemeente Wonderboompoort: Buitelugkonsert**
  Die Campbells, Jeanette van Staden (jodel), Robbie Klay en Ollie die Nar
  Op rugbyveld van Laerskool Boerefort, Wonderboom-Suid
  R60 (kleuters onder 6 gratis)
  Hekke open 16:00, voorkunstenaars tot 19:00, dan Die Campbells
  Veilige parkering, kos te koop, 2 vakansies te wen
  Vir meer inligting en kaartjies, kontak Sieg Schwarzer
  by 083 288 2779 of 012 335 4181
  of Magda Vermaak by 012 335 1129 of 082 550 2975
  Skole, kerke en ander instansies wat help kaartjies verkoop,
  kry 20% van die verkope!

- **Vrydag 9 September: Gemeente Roedtan: Konsert**
  Deel van Feesnaweek 9-11 September vir 50-jaar-viering
  Armand Hofmeyr in die skoolsaal
  Kaartjies R100 per volwassene en R80 vir kinders (sluit 3-gang-ete in)
  Sondag 11 September: Nagmaal saam met oudlidmate en -predikante
  Gedenkplaat word onthul en daarna gratis Feesete
  Deel enige stukkie *onthou* met gemeente, of stuur groeteboodskap
  Navrae aan Hermien by 082 416 7724 of **redinex77@gmail.com**

- **Woensdag 14 September: Gemeente Pretoria-Oos: Musiekkonsert**
  19:30, NG Kerk Universiteitsoord, Duxburyweg 105, Pretoria
  Wêreldberoemde orrelis Martin Mans kuier weer in Suid-Afrika
  Hy bring Jantine Kalkman saam wat trompet gaan speel
  Die orrel in Universiteitsoord gaan dreun
  Laerskool Constantiapark gaan die kerk vul met koorsang
  R80 per persoon, R50 pensioenarisse en kinders
  Kaartjies by deure beskikbaar of by Musica Instrumente, Atterbury Value Mart
  Navrae aan Pieter van den Berg by 072 041 3954

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

- **Vrydag 23 tot Sondag 25 September: Gemeente Heilbron: Feesnaweek**
  Deel van 100-jaar-viering
  Vrydag 23 September 18:00: Gemeentebraai en konsert by Klipkerkie
  Saterdag 24 September 09:00: Riemland Karnaval by Klipkerkie
  17:00: Voorbereidingsdiens en belydenis van geloof
  19:00: Gelukwensings en groeteboodskappe in kerkgebou – verversings daarna
  Sondag 25 September 09:30: Nagmaal in kerkgebou
  11:30: Dankseggingsdiens en doop in kerkgebou
  13:00: Middagete in Klipkerkie
  Navrae aan ds Herman Gothan, 058 853 1174, 082 773 4740, **hfg@risp.co.za**

- **ALLEN KERKORRELS**
  Na 40 jaar van digitale klank –
  steeds die leier in orrelbou
  Skakel ons vandag vir ’n gratis demonstrasie
  Tel 012 991 4930
  Faks 086 667 4680
  Sel 079 497 2647
  E-pos: **pieter@allensa.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Volksrust: Aandenkings van 150-jaar-feesviering**
  Gedenkalbum R200
  Dasse R125
  Voorskote R50
  Kontak ds Paul Buitendag by 082 853 8900

- **Gemeente Midrand: Superbru Rugby Wêreldbekerkompetisie**
  Inskrywingsgeld R50, inskrywings **sluit 9 September**
  1ste prys: Ter waarde van R500
  2de prys: Ter waarde van R300
  3de prys: Ter waarde van R100
  Vir meer inligting, stuur e-pos aan **MidrandSuperbru@gmail.com**

- **Gemeente Noordelike Pretoria: 4de Biltongaand**
  Saterdag 10 September
  18:30 vir 19:00
  NG gemeente Wonderboom-Suid, 12de Laan 920, Wonderboom-Suid
  GPS S 25˚41´57.8˝ en O 28˚12´20.6˝
  Rudi van Niekerk en plaaslike kunstenaars
  R100 volwassenes en R50 kinders onder 12
  Kontak Sarel Viljoen by 083 554 3397 of Marian Jordaan by 082 937 7562
  Bespreking voor 3 September noodsaaklik – geen kaartjies by deur

Basaars en markte

- **Vrydag 2 September: Gemeente Swartkop: Basaar**
  Kerkterrein, Irelandlaan, Eldoraigne, Centurion
  Tema: *Rondom die wêreld in 80 dae*
  Kuns- en handwerk te koop, witolifantstalletjie en tombola
  Baie eetgoed, springkasteel en spookhuis vir die kleintjies
  Klimmuur vir groter kinders
  Heerlike saamsing om die kampvuur
  Veilige parkering
  Skakel Van Rooy van den Berg by 072 199 3900

- **Vrydag 2 en Saterdag 3 September: Gemeente Messina: Limpopofees**
  Vrydag vanaf 16:00: Pretdraf / pretstap
  Alle ouderdomme, baie pryse
  Potjiekos, hamburgers, worsbroodjies en koeldrank te koop
  Saterdag vanaf 08:00: Stalletjies, verskeidenheid smulgoed,
  speletjies en tombola
  Vleis en biltong teen laer as slaghuispryse, groente en vrugte
  Trompoppies van die laerskool, Mej Limpopo met 3 kategorieë
  Miss Petite 3-6 jaar, Mej Junior Limpopo 7-13, Senior Mej Limpopo 14-18
  Inskrywingsvorms by Noena Oosthuizen 084 452 0321
  Luister hoe sing legendariese oom Willie Agenbacht en sy groot vriend!

Kontak ds Eddie Eckard by 082 958 9095, Johan Taute by 079 209 6236,
of gemeentelike kerkkantoor by 015 534 2756 of 083 720 4127

- **Vrydag 2 en Saterdag 3 September: Gemeente Tzaneen: Lentekarnaval**
  Kerkterrein in Agathastraat
  Baie eetgoed en verskeidenheid stalletjies
  Vrydag: Vanaf 12:00
  Gaskunstenaar 18:00 Will Jordan, Countrysanger
  Toegang gratis, aandete beskikbaar (wild, afval, ens)
  Saterdag: Ontbyt, trompoppies, aanwys van Mej/Mev Lentefees, kompetisies, vermaak en baie kos
  Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 1447 514
  of Emmarentia Buitendag by 015 307 4508, 083 438 2230
  of **nhkerktzn@mweb.co.za**

- **Saterdag 3 September: Gemeente Eendracht (Leslie)**
  ***Country-en-Western* Basaar**
  Begin om 10:00
  Baie vleis teen goeie pryse, verskeie uitstallers
  Navrae aan ds Werner Olivier by **werner.olivier69@gmail.com**

- **Saterdag 3 September: Gemeente Bothaville: Kaboemielie Basaar**
  Kom geniet 'n spesiale dag saam met die gemeente
  Braaivleis, tuisgebakte brood, kinderland, lekker boereontbyt en vele meer
  Kan nie wag om julle daar te sien nie!
  Kontak ds Hennie Pretorius by 082 374 2398

- **Saterdag 3 September: Gemeente Hartebeestpoort: Basaar**
  08:30 terrein in Brits oorkant stadsaal
  Tema: *Boereplesier*
  Gaskunstenaars Bosveld Stereo en Omroepers
  Skaapkoppe, tonne vleis en groente, allerlei lekkernye te koop
  Boerekaperjolle
  Veiling en kompetisies
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 252 4315

- **Saterdag 3 September: Gemeente Sasolburg-Suid: Vendusie en Minibasaar**
  09:00
  Groblerstraat (langs Coney Island)
  Groot verskeidenheid goedere (muureenhede, TV's, hoëtroustelle, verwarmers...)
  Eetgoed te kies en te keur
  Skakel 016 973 2147

- **Saterdag 3 September: Gemeente Witfontein: 8ste Delwersfees**
  hv Stasie- en Deetlefsstraat, Pretoria-Noord
  Vermaak vir hele gesin
  Pryse beloop R73 000
  R35 000 kontant, 1ste prys R15 000
  Diamante ter waarde van R38 000
  Vlugbalkompetisie: Jeuggroepe kan wegloop met R1 000 prysgeld
  Delwerssertifikate teen R20 beskikbaar by al die myners (lidmate) van Witfontein
  Besoek **www.witfontein.co.za**, kliek op *delwerssertifikate*
  en koop sertifikate elektronies
  Sien meer by **http://www.youtube.com/watch?v=87sYHRwu-Vo**
  of soek op **www.youtube** Witfontein Delwersfees 2011
  Kontak At van Rooyen (mynkaptein) by 083 228 9095
  of **arthur.vanrooyen@gmail.com**

- **Saterdag 3 September: Gemeente Koster: Koster-karnaval**
  Skool se sportgronde
  Uitstallings, baie eetgoed, verskeie sportsoorte
  Bespreek stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R300
  Wiele – uitstalling van GWM
  Veiling van Persiese Matte en Boplaas-wyne
  Skakel Harry Smit by 082 807 9208

- **Saterdag 10 September: Gemeente Meyerspark: Basaar**
  Kerkterrein Havelockstraat 15, Wilgerpark
  Potjieskoskompetisie met groot pryse
  Kuns- en handwerk te koop, witolifantstalletjie en tombola
  Baie eetgoed, springkasteel vir die kleintjies, gladiator-glybaan vir groter kinders
  Veilige parkering
  Kom stal u kuns- of handwerk uit – bespreek tafel binne saal vir R250 en R150 vir buite
  Skakel Marie by 012 803 7528 of 071 889 2175

- **Saterdag 24 September: Gemeente Leeudoringstad: Doringfees**
  09:00
  Heerlike dag met basaarlekkernye en die beroemde Monati-sosaties
  Met Thys die Bosveldklong
  Toegang gratis
  Kompetisiekaartjies R50
  1ste prys: R5 000 kontant – indien teenwoordig met trekking R10 000 kontant!
  2de prys: 2 slagskape
  3de prys: R1 000 vleisbewys
  Troospryse
  Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

- **Vrydag 30 September tot Sondag 2 Oktober: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer MTB Classic
  Doornrivier, 9 km op Gaberone-pad R49
  Vrydag Oktober-Bierfees
  Saterdag kwadfiets- en pypkar-wedrenne, kompetisies, vermaak en kos
  Akkommodasie beskikbaar
  Navrae aan ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **barendob@gmail.com** of Joe Salim by 079 857 2478 of **jmsplanning@gmail.com**

ANDER NUUS

- **STEINWAY D-274.** Die Konservatorium van die Nederduitsch Hervormde Kerk beskik oor ’n Steinway Model D-274 **konsert-vleuelklavier** – reeksnommer 332969 – en bied dit **te koop** aan. Die vleuelklavier kan besigtig word by die Sinodale Kerkkantoor te Dirk van Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Besigtiging moet asseblief per afspraak met mnr Piet Beukes by 012 322 8885 of per e-pos by **piet@nhk.co.za** gereël word. Tenders moet gerig word aan mnr Piet Beukes, Posbus 2368, Pretoria 0001 of **piet@nhk.co.za**. **Sluitingsdatum 15 September 2011.**

- **Linmar Werkskepping** het in Augustus 1994 ontstaan. Die projek is gestig deur die **Ondersteuningsraad Krugersdorp** om vroue wat weens lewensomstandighede werkloos en behoeftig was, te bemagtig. Die projek lei nou al 17 jaar lank dames op om naaldwerk te doen en selfgeldend te wees. Om te sê Linmar Werkskepping is net daar vir opleiding en bemagtiging is egter verkeerd, want Linmar is baie meer as dit. Die projek gee vroue weer selfvertroue, laat hulle trots voel oor wat hulle bereik en ook die broodnodige inkomste om vir hulself en hul mense te sorg. Dus sorg Linmar nie net vir die dames se inkomste nie, maar ook vir hul emosionele groei. Ons maak klere soos sweetpakke vir skole en sportinstansies, asook windjakkers, skoolrompe, voorskote en kleuterskoolklere. Ons nuutste produk is oorpakkies (*overalls*) vir kleuterskole. Kontak **Hester Potgieter** by 011 660 5252 of 082 560 4237 met **bestellings vir sweetpakke, ensovoorts.**

- **DPS-STELSEL. Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom.** Datum van diensaanvaarding gedurende Desember 2011 maar verkieslik nie later nie as 1 Januarie 2012. **Aansoeke sluit op 16 September 2011.**

  Vereistes: Getroude egpaar; verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud; lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk; goeie gesondheid; aanvoeling vir kinders.
  Vergoeding: Suksesvolle ouers sal benewens ’n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning binne die DPS-huis ontvang.
  Vir meer inligting, kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Willem Kok by 018 294 4187 of 083 664 0058.

- **Die Ondersteuningsraad** bied vanjaar weer vir ’n week tydens die September-skoolvakansie hul **kamp vir ongeveer 80 hulpbehoewende kinders** aan. Maatskaplike werkers van die Raad behartig terapeutiese groepsessies, en studente van Gemeente Philadelphia help met rekreasie en sportaktiwiteite. Fondse word benodig vir die kampterrein, vervoer, drie etes per dag, materiaal vir die rekreasie en sportaktiwiteite, ensovoorts. Die **berekende koste beloop R800 per kind** vir die hele week. **Persone wat graag ’n kind of twee wil borg,** kan met Suzanne van Deventer van die Ondersteuningsraad se Pretoria-kantoor by 012 325 2320 in verbinding tree.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik oor die volgende **vakatures**:
  - Programbestuurder; mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal ’n aanwins wees; area Rustenburg/Potchefstroom/ Klerksdorp
  - Maatskaplike Werkers (x3); areas Tarlton, Krugersdorp en Brakpan
  - Maatskaplike Hulpwerkers; areas Krugersdorp en Klerksdorp

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Vrydag 2 September: Loslitdag**
  Maak **R10-donasie** deur ’n **plakker te koop** en op dié dag te dra
  Wys jou ondersteuning vir persone met gestremdhede

Besoek **www.loslitdag.co.za**
of kontak Arina Jooste, Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO), by 012 320 7644

- Die **volgende vergaderings** vind tot 9 September plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 2 September: Predikantepensioenfonds
  - Saterdag 3 September: NHSV Dagbestuur; Ledevergadering Monumenttehuise
  - Woensdag 7 September: Direksie van die Kinderhuise
  - Donderdag 8 September: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 9 September: Kommissie van die AKV

Verlede week het ons lesers versoek om ons dringend te laat weet of hulle beswaar sal hê as ons die drukkersvriendelike weergawe van die *e-Hervormer* uitfaseer en net die volledige weergawe versprei. Tot dusver is die oorweldigende keuse ten gunste van die volledige weergawe. U het nog geleentheid om ons te laat weet of u enigsins die drukkersvriendelike weergawe verkies. Kyk asseblief by **www.hervormer.co.za** → e-Hervormer → argief na die onderskeie weergawes, en verwittig dr Wouter van Wyk dringend by **wouter@nhk.co.za** van u keuse.

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R114 per plasing. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

AGTERBLAD

Nuwe Bybelstudiegids beskikbaar

Dr Gert Malan se Bybelstudiegids oor 2 Petrus het pas by SENTIK verskyn.

Hierdie derde Bybelstudie in die reeks *Om die Bybel (beter) te verstaan* pas die beginsels toe soos uiteengesit in die boekie *Om die Bybel (beter) te verstaan.* Dr Malan se eerste Bybelstudie het gehandel oor die Ons Vader-gebed en die tweede oor die briewe van Johannes.

2 Petrus is een van die minder bekende en daarom minder geliefde geskrifte van die Nuwe Testament. Tog bevat 2 Petrus 'n boodskap wat vir Christene vandag steeds van groot betekenis kan wees in hul persoonlike lewe en gemeentelike betrokkenheid.

*** Aldrie die Bybelstudies van dr Malan, asook die een van dr Gerhard Nel oor die briewe aan Timoteus en Titus (*Bewaar wat aan jou toevertrou is*), is teen **R30 per**

eksemplaar (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel beskikbaar. Kontak mev Van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

Lidmate kan oorweeg om die boekies deur bemiddeling van hul gemeentes te bestel eerder as om enkel-eksemplare aan te vra, om posgeld te verminder.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Frikkie Labuschagne
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx